Mediaverklaring

Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
29 September 2009

Nuwe besigheid neem af, maar die lewensversekeringsbedryf bly gesond

Die Suid-Afrikaanse lewensversekeringsbedryf het in die eerste helfte van vanjaar 'n afname van 14% in nuwe individuele besigheid ervaar. Die bedryf se nuwe individuele premie-inkomste vir die tydperk vanaf Januarie tot einde Junie vanjaar het R27,7 miljard beloop teenoor die R32,4 miljard in die tweede helfte van verlede jaar, blyk uit die halfjaarlikse statistieke van die bedryf wat vandeesweek bekend gemaak is.

Volgens mnr. Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), is die afname in nuwe besigheid nie 'n verrassing vir die bedryf nie.

"In die lig van die omvang van slegte nuus waarmee verbruikers in die afgelope 12 maande bestook is, is ons verbaas dat die afname nie groter is nie. Die bedryf het tot einde verlede jaar steeds 'n toename in nuwe besigheid ervaar. Toe die vooruitsigte vir die globale finansiële markte en die plaaslike ekonomie egter vroeg vanjaar nie verbeter het nie, het verbruikers die briek begin aandraai."

Die plaaslike lewensversekeringsbedryf is nieteenstaande baie gesond met bates wat die verpligtinge stewig oorskry.

"Die bedryf se surplusbates het einde Junie vanjaar die vereiste wetlike reserwebuffer met meer as drie maal oortref. Dít is goeie nuus vir polishouers aangesien dit daarop neerkom dat lewensversekeringsmaatskappye behoorlik daartoe in staat is om voordeelbetalings aan kliënte na te kom."

Afwagtende houding

Die lewensversekeringsbedryf se statistieke vir die eerste helfte van vanjaar dui volgens Dempsey daarop dat verbruikers 'n afwagtende houding aangeneem het.

"Verbruikers het ons verlede jaar verras met 'n toename van 14% in nuwe individuele herhalende en enkelpremies in vergelyking met 2007. Aan die einde van 2008 het die FTSE/JSE se Alleaandele-indeks egter 26% van sy waarde verloor en het die rand met 35% teenoor die VSA-dollar verswak. Die nuwe jaar het nie met verligting gepaard gegaan nie en die FTSE/JSE se Alleaandele-indeks het in die eerste kwartaal met nog 5,3% gedaal. Laasgenoemde daling het saam met 'n massiewe golf van afdankings daartoe gelei dat verbruikers nie langer geneë was om langtermyn- finansiële verbintenisse soos die uitneem van polisse aan te gaan nie."

Dit het tot gevolg gehad dat nuwe individuele herhalende premie-inkomste met 16% van R7 miljard in die tweede helfte van verlede jaar tot R5,9 miljard in die eerste ses maande van vanjaar afgeneem het.

Individuele besigheid behels in die algemeen uitkeerversekering, uittree-annuïteitsfondse, lewensannuïteite en verpligte annuïteite, asook dekkingspolisse ten opsigte van lewe, ongeskiktheid, gevreesde siekte en inkomstebeskerming.

Individuele enkelpremiebesigheid het met 14% gedaal van R25,4 miljard in die tweede helfte van verlede jaar tot R21,9 miljard in die eerste ses maande van vanjaar. Enkelbedragbeleggings in uittree-annuïteitsfondspolisse (UA-fondse) het die grootste daling getoon, gevolg deur verpligte annuïteite. Lewensannuïteite het daarteenoor dieselfde invloeivlakke as in die tweede helfte van verlede jaar getoon.

Volgens Dempsey is die swaai na lewensannuïteite die gevolg van die daling in gewaarborgde annuïteitskoerse en ‘n sterk herstel deur ekwiteitsmarkte in die tweede kwartaal van vanjaar.

Afkopings en vervallings

Onverwagte goeie nuus vir die lewensversekeringsbedryf is die massiewe verlaging van 26% in die afkoping van spaarpolisse. ‘n Polis word afgekoop wanneer die polishouer die premiebetalings staak en die verminderde fondswaarde voor die uitkeerdatum onttrek.

Die waarde van afgekoopte individuele polisse het van R19,8 miljard in die tweede helfte van verlede jaar tot R14,6 miljard in die eerste helfte van vanjaar afgeneem.

Dit is volgens Dempsey nie net goeie nuus vir die bedryf nie, maar ook vir polishouers omdat die afkoop van ‘n polis feitlik altyd tot ‘n afname in waarde lei en ‘n langtermynspaarplan negatief beïnvloed.

Die lewensversekeringsbedryf het in die afgelope jare ‘n deurlopende toename in die afkoop van spaarpolisse ervaar. Volgens Dempsey kan vanjaar se afname aan ‘n aantal faktore toegeskryf word.

“’n Aantal maatskappye het hulle in die lig van die laer verkoopskoers intensief op die behoud van besigheid toegespits. Ons glo ook dat polishouers wat erg aan die pen gery het waarskynlik reeds hul polisse in die tweede helfte van verlede jaar afgekoop het. Diegene wat daarin geslaag het om hul polisse te behou, het dit gedoen gegewe die laer fondswaardes wat deur die veranderlike markte veroorsaak is en die dalende rentekoerse.”

Eweneens is die getal individuele polisse wat in die eerste ses maande van vanjaar verval het 2% minder as in die voorafgaande halfjaar. ‘n Vervalling vind plaas wanneer die polishouer die betaling van premies staak voordat die fondswaarde die onverhaalde koste oorskry. Dit kom daarop neer dat die opbetaalde of afkoopwaarde zero is.

Die waarde van individuele polisse wat gedurende die eerste helfte van vanjaar verval het, het egter met 7% van R2,6 miljard in die tweede helfte van verlede jaar tot R2,7 miljard gestyg.

Laasgenoemde is ‘n aanduiding dat ‘n toename in die vervalling van polisse met hoër premies plaasgevind het, volgens Dempsey. Die gemiddelde maandelikse vervalpremie vir tweedejaar- en ouer polisse het in die eerste helfte van vanjaar met 26% tot R106 toegeneem.

Volgens Dempsey bring ‘n ontleding aan die lig dat ‘n toename van 19% plaasgevind het in die waarde van polisse wat in die tweede jaar van hul bestaan verval het as dit met die tweede helfte van verlede jaar vergelyk word, maar dat eerstejaarpremies se vervallings met 3% afgeneem het.

“Dit beteken dat die meeste verbruikers wat tussen einde Junie verlede jaar en einde Junie vanjaar polisse uitgeneem het, seker gemaak het dat hulle hul premies kan bekostig. Polishouers in hul tweede jaar of langer was egter finansieel onvoorberei toe die skokgolwe van die kredietkrisis Suid-Afrika getref het.”

Voordeeluitbetalings

Die lewensversekeringsbedryf het in die eerste helfte van vanjaar voordele ter waarde van meer as R75,7 miljard aan begunstigdes, polishouers en pensioenfondslede oorgedra op grond van doods- en ongeskiktheidseise, uitkerings, afkopings en pensioen- en annuïteitsuitbetalings. Dit is 16% minder as in die tweede helfte van verlede jaar toe voordele ter waarde van R90,7 miljard uitbetaal is.

Individuele polishouers het in die eerste helfte van vanjaar voordeeluitbetalings ter waarde van R43,6 miljard van die lewensversekeringsbedryf ontvang – 'n vermindering van 11% in vergelyking met die R49 miljard in die tweede helfte van verlede jaar. Die afname in individuele voordeeluitbetalings is deels die gevolg van die laer afkoopkoers.

Groepskemas en pensioenfondse het voordeeleise ter waarde van R32,1 miljard uitbetaal wat 23% minder is as die R41,6 miljard wat in die tweede helfte van verlede jaar uitbetaal is.

Volgens Dempsey het die algemene afname in ekwiteitsmarkte tot Maart vanjaar 'n betekenisvolle rol in die vermindering van die waarde van voordeeluitbetalings gespeel.

Zimele

Teen einde Junie vanjaar was 1,97 miljoen Zimele-goedgekeurde polisse van krag – 'n toename van 270 000 polisse sedert einde Desember verlede jaar.

Die eerste polisse met die Zimele-handelsmerk is in 2007 beskikbaar gestel. Zimele stel Suid-Afrikaners met die laagste inkomste – diegene wat R3 000 of minder per maand verdien – in staat om maklik dié lewensversekeringsprodukte te eien wat aan die minimumbeskermingsvereistes van die finansiële sektor se handves (FSC) voldoen.

Die meeste Zimele-polisse is volgens Dempsey in Gauteng verkoop, gevolg deur KwaZulu-Natal en dan die Wes-Kaap. 'n Interessante feit is dat meer vroue as mans in al die provinsies Zimele-polisse besit.

Einde

Nota aan Redakteurs: Die langtermynversekeringsbedryf se halfjaarlikse verkoopstatistieke vir 2009 is gegrond op gegewens wat ontvang is van maatskappye wat voorheen lede van die Vereniging van Lewensversekeringsmaatskappye (LOA) was en nou lede van ASISA is. Nog nie ingesluit in die statistieke nie is inligting van beleggingsmaatskappye met lewenslisensies wat nie voorheen lede van die LOA was nie.

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).